

9 April

'n Armlengte geloof

Skrifgedeelte: Lukas 8:4-8, 11-15

Fokusgedeelte: Lukas 8:13

Die saad is simbolies van die Woord van God wat ook in 'n mens se hart wil wortel skiet en groei. Daar vind 'n geloofsproses plaas. Wanneer 'n mens egter 'n rotsagtige hart het, is die geloofsproses nie lewensvatbaar nie, omdat so 'n mens nie toelaat dat die Woord diep genoeg in sy hart wortel skiet nie!

Hoe ontvanklik is jy vir God en sy Woord? Aanvaar jy sy Woord onvoorwaardelik, al maak dit seer; al sny dit soos 'n tweesnijdende swaard daar waar dit jou sonde ontbloot?

Tot waar aanvaar jy sy Koningskap? Net tot daar waar dit gerieflik is, of aanvaar jy dit ook daar waar dit ongemaklik raak ... waar dit selfverloëning vra; waar dit vra dat jy moet prysgee dit wat jy heimlik so graag wil behou?

Jesus het dikwels hierdie punt van "veiligheid" of "gerief" oorgesteek as Hy iemand wou toets. Die ryk jong man moes hoor ... gaan verkoop alles wat jy het. Het Jesus te ver gegaan? ... te diep wortel wou insteek?

Die Here wil nie in jou voorhof bly nie ... Hy wil in jou allerheiligste woon ... in jou diepste binneste! **HY WIL NIE OP ARMLENGTE GEHOU WORD NIE!**

As jy dit nie toelaat nie, het jy aan God te min! Dan is Hy daar vir jou gerief. As die beproewinge dan kom, is daar ander dinge wat swaarder weeg; dan is daar dinge wat dieper in jou hart gewortel is as jou liefde vir God. Dit kan so baie dinge wees: liefde vir geld, of mag, of selfliefde of liefde vir iemand anders ... God word dan vir jou lastig; 'n verleentheid!

Tot waar laat jy God en sy Woord in jou lewe toe? Is dit werklik tot die punt waar jy kan beaam wat in Openbaring 22:13 staan: *U is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.*

Sing: Psalm 1:1, 2 (1936)

Ds. Christo van Vuuren (Die Moot)